13 April 2026

# Tygie-nuus

LAERSKOOL TYGERPOORT DOELGERIG

**Webtuiste:** www.tygies.co.za | **Facebook:** facebook.com/Tygies | **E-pos:** admin@tygies.co.za

JOHANNES 16:13 Ek word deur die Heilige Gees gelei in alle waarheid.

**PROGRAM VIR DIE WEEK**

| | |
|---|---|
| **MAANDAG – 13 APRIL** **Skolierpatrollie – Groep 2** | **Dag 4** |
| • Tennis (Oop A & -B en o.11A & -B: Seuns): Oefening | 06:30 |
| • Tygie-ontwikkelingsakademie (dogters): Oefening | 06:30 – 07:10 |
| • Landloop: Oefening (Inligting 2026) | 06:30 – 07:15 |
| • Netbal (o.12 en o.13): Kondisioneringsoefening | 06:30 – 07:15 |
| • Juniorkoor: Oefening (skoolsaal) | 13:15 – 14:00 |
| • Rugby (o.11 en o.13): Oefening | 14:00 – 15:15 |
| • Mininetbal (o.8): Oefening (multifunksionele bane) | 14:15 – 15:15 |
| • Marimba-orkes: Oefening (K11) | 14:15 – 15:30 |
| • Rugby (o.9 en o.10): Oefening | 15:15 – 16:30 |
| • Mininetbal (o.9): Oefening (multifunksionele bane) | 16:00 – 17:00 |
| • Bulletjierugby (o.6-o.8): Oefening | 17:00 – 18:00 |
| • Senior Revuegroep: Oefening (skoolsaal) | 17:00 – 19:00 |
| • Hokkie (o.10-o.13): Ouerinligtingsaand (plek sal bevestig word op Team App) | 18:15 |
| **DINSDAG – 14 APRIL** **Skolierpatrollie – Groep 2** | **Dag 5** |
| • **Mnr. Herman Kobe verjaar!** | |
| • Netbal (o.13A & -B): Oefening | 06:00 – 07:15 |
| • Tennis (Oop A & -B en o.11A & -B: Dogters): Oefening | 06:30 |
| • Tygie-ontwikkelingsakademie (seuns): Oefening | 06:30 – 07:10 |
| • Landloop: Oefening (Inligting 2026) | 06:30 – 07:15 |
| • Rugby (o.13): Kondisioneringsoefening | 06:30 – 07:15 |
| • Rugby en netbal: eerstespan-bekendstelling | Saalperiode |
| • Mininetbal (o.7): Oefening (multifunksionele bane) | 14:00 – 15:00 |
| • Netbal (o.10 en o.11): Oefening | 14:00 – 15:30 |
| • Rugby (o.10 en o.11): Oefening | 14:00 – 15:30 |
| • Netbal (o.12A-D en o.13C en -D): Oefening | 15:30 – 17:00 |
| • Rugby (o.9 en o.13): Oefening | 15:30 – 17:00 |
| • Netbal (o.10 en o.11): Doelsessies | 16:30 – 17:15 |
| • ISF (graad 4-7): Oueraand op uitnodiging | 17:00 |
| • Netbal (o.12 en o.13): Doelsessies | 17:15 – 18:00 |
| • Stoei (o.7-o.13): Oefening (skoolsaal) | 18:00 – 20:00 |

| | | |
|---|---|---|
| **WOENSDAG – 15 APRIL** | **Skolierpatrollie - Groep 3** | **Dag 6** |
| • **Juffrou Jana Minne verjaar!** | | |
| • Tennis (Oop C en o.11C & -D: Seuns, Oop seuns reserwes): Oefening | | 06:30 |
| • Landloop: Oefening (Inligting 2026) | | 06:30 – 07:15 |
| • Netbal (o.12 en o.13): Kondisioneringsoefening | | 06:30 – 07:15 |
| • Juniorkoor: Oefening (skoolsaal) | | 13:15 – 14:00 |
| • Seniorkoor: Oefening (skoolsaal) | | 14:00 – 15:30 |
| • Rugby (o.9): Oefening | | 14:00 – 15:00 |
| • Mininetbal (o.9): Oefening (multifunksionele bane) | | 14:15 – 15:15 |
| • Rugby (o.10 en o.11): Oefening | | 15:00 – 16:00 |
| • Netbal (o.10 tot o.13A-D): Oefening | | 15:30 – 17:00 |
| • Rugby (o.13): Oefening | | 16:00 – 17:00 |
| • Bulletjierugby (o.6-o.8): Oefening | | 17:00 – 18:00 |
| • Bergfietsry: Ouerinligtingsaand (Panthera) | | 18:00 |
| **DONDERDAG – 16 APRIL** | **Skolierpatrollie - Groep 3** | **Dag 1** |
| • Netbal (o.13A & -B): Oefening | | 06:00 – 07:15 |
| • Tennis (o.11C-dogters): Oefening | | 06:30 |
| • Tennis (Reserwes: Oop-dogters & o.11-seuns en -dogters): Oefening | | 06:30 |
| • Rugby (o.13): Kondisioneringsoefening | | 06:30 – 07:15 |
| • Netbal: Liga 1 vs. L/s Garsfontein (weg) | | |
| • Rugby: Liga vs. L/s Garsfontein (weg) | | |
| • Mininetbal (o.9): Oefening | | 14:00 – 15:00 |
| • Mininetbal (o.8): Oefening | | 15:00 – 16:00 |
| • Mininetbal (o.7): Oefening | | 16:00 – 17:00 |
| • Stoei (o.7-o.13): Oefening (skoolsaal) | | 18:00 – 20:00 |
| **VRYDAG – 17 APRIL** | **Skolierpatrollie - Groep 3** | **Dag 2** |
| • Tennis (Oop A-seuns en -dogters): Absolut Menlo-tennis Laerskoletoernooi | | |
| • Tennis (o.11A en -B: Seuns en dogters, Bethlehem-toerspan): Oefening | | 06:30 |
| • Juniorkoor: Oefenmiddag (Panthera) | | 13:30 – 16:00 |
| • Rugby (o.9-o.13): TRA | | 13:30 – 14:30 |
| • Seniorkoor: Oefenmiddag (skoolsaal) | | 15:00 – 18:00 |
| • Hokkie (o.12 en o.13: Seuns): Proewe (program op Team App) | | |
| **SATERDAG – 18 APRIL** | | |
| • Tennis (Oop A-seuns en -dogters): Absolut Menlo-tennis Laerskoletoernooi | | |
| • Bergfietsry: Gauteng Skolereeks 1 | | |
| • Bulletjierugby: L/s Danie Malan | | |
| • Rugby: Blou Bul-proewe (rondte 1) | | |
| • Hokkie (o.10-o.13: Dogters): Proewe (program op Team App) | | |
| **SONDAG – 19 APRIL** | | |
| • Tennis (Oop A-seuns en -dogters): Absolut Menlo-tennis Laerskoletoernooi | | |

## NEEM KENNIS

**Klassifisering van 28, 29 en 30 April as skoolvakansiedae**

Die skool se Bestuurspan en Beheerliggaam het hierdie besluit deeglik oorweeg en is van mening dat daar gegronde opvoedkundige en logistieke redes vir die aanpassing bestaan. Die plasing van hierdie dae binne die akademiese jaar, asook die programvereistes en logistieke vereistes van die vierde kwartaal, ondersteun hierdie besluit in die beste belang van beide leerders en personeel.

Verder vorm die skool deel van ’n informele netwerk van buurskole in die oostelike deel van Pretoria. Baie van ons leerders se broers en/of susters by omliggende skole sal gedurende hierdie tydperk met vakansie wees, wat waarskynlik leerderbywoning by ons skool sal beïnvloed en die akademiese program kan ontwrig.

Inhaaldae vir verlore skooldae

Alle onderrigtyd wat deur hierdie aanpassing geraak word, sal volledig ingehaal word op die volgende datums:

- 20 Julie (aanvang van kwartaal 3)
- 5 Oktober (aanvang van kwartaal 4)
- 10 Desember (einde van kwartaal 4)

Kennisgewing aan ouers: Kalender-aanpassings vir 2026

## KLEREDRAG

Neem kennis dat die oorgangangstydperk van somersdrag na wintersdrag oor die tydperk 4 -22 Mei duur.

**GSF-leerders** (graad 1-3) dra, soos in die somer, op Maandag, Woensdag en Vrydag sweetpakke en op Dinsdag en Donderdag grys langbroek of rompie met wolkouse en ‘n langmou wit hemp met skoolskoene. **ISF-leerders** (graad 4-7) dra slegs sweetpakke op die dae waarop hulle LO het.

## SKAAK

Baie geluk aan Liezl Westermann, Inge Westermann en Kaylee Craukamp wat aan die Suid Afrikaanse skaakkampioenskappe deelgeneem het. Liezl het 5de en Kaylee 7de in Suid Afrika gekom in die South African Junior Closed Chess Championships.

Liezl en Kaylee is gekies as deel van die Suid Afrikaanse o.8 en o.13-dogterspanne wat Suid Afrika in die Commonwealth Chess Championship gaan verteenwoordig in Sri Lanka. Ons is baie trots op hulle puik prestasie.

## HERREGISTRASIES VIR 2027

Die **graad 1 tot 6-leerders** wat reeds in die skool is, het hulle herregistrasievorms op **8 April** per hand ontvang. Werk asb. dié vorm deur en bring veranderinge aan. Stuur dié vorm dan voor of op **10 April** terug na die klasonderwyser om u kind se plek te verseker. **Maak asb. seker dat u op bladsy 1 tot 4 teken.**

## REDENAARSKOMPETISIES EN BELANGRIKE DATUMS 2026

ATKV:

Die topsprekers tydens die gala-aande word deur die skool vir die ATKV-Redenaarskompetisie ingeskryf.
**8 en 9 Mei**: ATKV-Redenaars eerste uitdunronde (Hoërskool Menlopark)
**29 Mei**: ATKV-Redenaars semifinale uitdunrondes (Hoërskool Menlopark)
**5 Augustus**: ATKV-Redenaars nasionale finaal (Klein-Kariba)

Radikale Redenaars

**4 Mei**: Inskrywings sluit
**8 Mei**: Sluitingsdatum vir video’s
**9 Julie**: Uitslae op die web
**1 Augustus**: Streeksfinaal (Laerskool Concordia)
**17 Oktober**: Nasionale finaal (Laerskool Concordia)

Oppie Tong Af

**15 Mei**: Individuele inskrywings sluit
**26 Junie**: Span-inskrywings sluit
**21 Julie - 7 Augustus**: Uitdunronde
**7 – 12 September**: Semifinale ronde (individueel en span)
**8 – 10 Oktober**: Nasionale finaal

Kansvatter Redenaars

**8 Mei**: Individuele inskrywings sluit (voorbereid en onvoorbereid)
**26 Junie**: Span-inskrywings sluit
**8 – 16 Mei**: Instuur van video-skakels individuele sprekers
**24 – 31 Julie**: Instuur van video-skakels spanne
**22 – 28 Julie**: Semifinaal instuur van video-skakels

# LEWE - GESINSWERKSWINKEL



Sonnika Nel

AANBIEDER: Sonnika Nel
DATUM: 24 Junie 2026
TYD: 18:00 - 20:00
PLEK: Tygerplein Saal
KOSTES: R150 per gesin

Ons lewens is baie besig en tussen al die reëlings vir skool en sport en kultuur, is daar nie altyd tyd om as 'n gesin te PRAAT oor dinge wat eintlik belangrik is nie. Ons tref reëlings met mekaar of gesels oor skoolwerk, maar ons vergeet soms hoe om na mekaar se harte te luister.

Hierdie werkswinkel wil gesinne van laerskool-kinders help om op 'n prettige wyse te leer hoe om gesprekke te voer wat regtig saak maak en wat verhoudings versterk, al het ons nie baie tyd nie.

Gesinne bring 'n eie piekniekmandjie saam en ons leer en werk tussendeur aandete!

**Inskrywings:** Jy moet inskryf vir die werkswinkel deur 'n e-pos te stuur na sonnika@ngtyger.com – daar is beperkte plek beskikbaar.




Is jy op koers met jou aftreebeplanning en spaarfonds vir jou kinders se studies?

Kontak my vir 'n GRATIS Welvaart assessering

PSG Wealth Pretoria Oos

Ons dienste sluit in:

- Omvattende finansiële – en aftreebeplanning
- Portefeuljebestuur
- Beleggingsbestuur
- Volle Aandele Makelaarsdienste
- Werknemersvoordele
- Lewens- en Risikodekking
- Fidusiêre Dienste - Boedelbeplanning en Testamente

PSG Kantoor van die jaar 2024/2025
13 keer wenner

Kontak my vir kundige finansiële advies:




Lorika Steyn CFP®
Welvaart Adviseur
C 083 225 2695
T 086 177 4000
E lorika.steyn@psg.co.za

PSG Wealth Pretoria Oos
4de Vloer, Lynnwood Bridge Kantoorpark
4 Daventry Straat, Kaaimans Gebou,
Lynnwood Manor, Menlo Park, 0081

PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer. FDV 728

PSG Wealth


Ons bou
STERK
lesers!
Little Readers
and Pre - Readers
CREATING A LIFELONG FOR READING
3-13
jaar
082 926 6066 silverlakes@littlereaders.co.za
www.littlereaders.co.za


Mini Meesters
leersentrum
WISKUNDE, TALE EN LEERVAKKE
Ekstra klasse,
Huiswerkhulp,
Eksamenvoorbereiding
Gekwalifiseerde juffrouens gee klas.
Klein klasgroepies.
Weeklikse hersieningswerkkaarte oor die werk wat in die klas gedoen word.
Eksamenboekies en -opsommings wat gebaseer is op jou graad se afbakening.
Direkte kommunikasie tussen ons en jou kind se juffrou.
Kontak Elizna (Wiskunde): 066 290 9931
minimeesters@gmail.com
Kontak Leanie (Tale en Leervakke): 076 792 0915
Tijger Vallei Office Park


LEES
MET
SELFVERTROUE
Spoed. Begrip. Vlotheid
GrR-
Gr12
084 556 3121
WWW.TCSREADING.CO.ZA
ELNETT@TCSILVERLAKES.CO.ZA